Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 6 – FEBRUARIE 2018

Geagte ouers

LEED:
Ons innige meegevoel met Mnr Pieter van Zyl wie se vader gedurende die naweek oorlede is. Ons dink aan u en u familie in hierdie hartseer tyd.

PERSONEEL:
Baie geluk aan Juffrou Hettie Smith wat op 23 Februarie verjaar.

DATUMS VIR KWARTAAL 1 VAN 2018:

20 Februarie	**Toets: Afrikaans Gr 4 –7**
21 Februarie	18:00: Rugby Algemene Jaarvergadering in saal Fotodag uitgestel na 12 Maart
22 Februarie	**Toets: NW/TEG (Gr 4–6) + NW (Gr 7)**
23 Februarie	**Hoof se verjaarsdag en Wollies-dag. Piekniek hou en donasies vir Wollies.** Leierraakvat
26 Februarie	14:10: Rugby + Netbaloefening begin
27 Februarie	**Toets: Tegnologie (Gr 7)**
1 Maart	**Toets: Geografie** BL verkiesing 18:00
2 Maart	Atletiek: Provinsiale byeenkoms
6 Maart	**Toets: EBW (Gr 7)**
8 Maart	**Toets: Geskiedenis (Gr 4 - 7)** Rugby + Netbal teen Brits (tuis)
9 Maart	Rugby Prestige byeenkoms: 0/9 + 0/10 by Rooihuiskraal Rugby: Loftusdag: 0/11
10 Maart	Rugby: Loftusdag: 0/11
12 Maart	**FOTODAG – AL DIE LEERDERS VAN GRAAD 2-7 MOET SKOOLDRAG VIR DIE FOTO'S DRA.**
13 Maart	**Toets: Wiskunde (Gr 4-7)**
15 Maart	BL verkiesing 2 indien eerste verkiesing nie plaasgevind het
17 Maart	Rugby: 1 ste span by Midstream Atletiek: SA kampioenskap GR R Opedag
20 Maart	Netbal: Curro Roodeplaat (tuis) JOHAN DUURSEMA AANDREEKS
21 Maart	MENSEREGTEDAG
23 Maart	Groot FM en Kaskar
26 Maart	Rugbytoer: 1ste span Graad R - 3 ontvang Rapporte
27 Maart	Rugbytoer: 1ste span 17:30 – 19:00 GF Oueraand
28 Maart	**SKOOL SLUIT** **MARKDAG GR 5** Rugbytoer: 1ste span
29 Maart	Rugby: O/9 + O/10 by Menlopark
30 Maart	Rugby: O/9 + O/10 by Menlopark
31 Maart	Rugby: O/9 + O/10 by Menlopark

12 MAART: FOTODAG
Neem asseblief kennis dat die fotodag van 21 Februarie uitgestel is na Maandag 12 Maart. Al die graad 2-7 leerders moet op hierdie dag skooldrag (nie Vrydagdrag) dra.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING – 1 MAART 2018

Ons bring onder u aandag dat ons Beheerliggaamverkiesing op 1 Maart 2018 om 18:30 gaan plaasvind. U teenwoordigheid is van kardinale belang. Die Wet vereis dat daar 'n kworum teenwoordig moet wees (15%, dus 302 ouers) en indien ons dit nie behaal nie, word ons verplig om die proses te herhaal. Wees asseblief teenwoordig en kom stem!

Wie mag stem?

'n Ouer, voog of persoon wat die rol van 'n ouer vervul van 'n kind wat by Laerskool Danie Malan ingeskryf is, en op die skool se inskrywingsregister verskyn. U is welkom om 14 dae voor die vergadering seker te maak by die kantoor of u naam wel op die kieserslys verskyn.

Wat moet ek saambring as ek wil stem?

'n Bestuurslisensie of ID.

Hoeveel lede van 'n gesin mag stem?

Slegs twee persone per gesin wie se name op die kieserslys verskyn, sal elk 'n stembrief ontvang om te kan stem.

Mag 'n ouer met 'n volmagvorm namens 'n ander stem?

Nee

Wie mag genomineer word?

Enige ouer/voog van 'n leerder van die skool wie se naam op die kieserslys verskyn. Verder mag 'n ouer wat in diens is van die skool as onderwyser of nie-onderwyser ook genomineer word.

Wie mag nie genomineer word vir of stem tydens die Beheerliggaamverkiesing nie?

'n Ouer van die skool wat nie langer as drie jaar gelede tot op datum 'n vonnis van 12 maande of langer opgelê is vir 'n kriminele oortreding sonder die opsie van 'n boete.'n Persoon wat geestesongesteld is of 'n persoon wat 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is.

Wie mag nomineer?

'n Ouer mag 'n ander ouer nomineer.

Wat is die dienstydperk van Beheerliggaamlede?

Drie jaar, m.a.w. die verkose persone moet verkieslik vir die drie jaar steeds 'n ouer van die skool wees.

Word Beheerliggaamlede vergoed vir hul werk?

Nee

Uit hoeveel lede bestaan die skool se Beheerliggaam (SBL)?

Die Beheerliggaam sal bestaan uit:
6 ouerlede (ouers stem vir hulle);
3 opvoederlede (onderwyser stem vir hulle);
1 nie-opvoeder lid van die skool (nie-opvoeder lede van die skool stem vir hom/haar);
Skoolhoof (ex officio)

Wat is die pligte van Beheerliggaamlede?

Beheer ("govern") van die skool deur beleid te formuleer, die finansies te bestuur en die verskillende belangegroepe te verteenwoordig. Vergaderings van die Beheerliggaam moet bygewoon word een keer per maand. Die skoolhoof bestuur die skool van dag tot dag.

Nominasietydperk?

Vanaf 21 Februarie – 28 Februarie 2018.
Verdere nominasies kan ook tydens die nominasievergadering (1 Maart) gedoen word.

Waar kry ek nominasiebriewe?

Nominasievorms kan by die ontvangstoonbank afgehaal word vanaf 20 Februarie – 1 Maart 2018 gedurende skoolure.

Waar moet ek die nominasievorms ingee?

Voltooide nominasievorms moet voor 28 Februarie 2018 om 14:00 in die nominasiebus geplaas word by die ontvangstoonbank van die Administratiewe kantoor van die skool.

Waarom kan 'n nominasievorm verwerp word deur die verkiesingsbeampte?

Die nominasievorm is nie deur die voorsteller, sekondant of kandidaat onderteken nie. Die voorsteller, sekondant of kandidaat se naam verskyn nie op die skool se kiesersrol van stemgeregtigde ouers nie. Die nominasievorm is nie binne die gespesifiseerde tyd ingehandig nie.

Watter inligting mag 'n kandidaat tydens die Beheerliggaamverkiesing aan die ouers in die saal meedeel?

Die kandidaat sal die volgende aan die gehoor mag noem: Sy/haar naam en van, beroep, die graad/e waarin sy/haar kinders is, vaardighede waaroor die persoon beskik, waarde wat die persoon tot die skool kan toevoeg en sy/haar visie vir die skool. (Praattyd beperk tot drie minute).

Program vir 1 Maart 2018

Nominasievergadering. 18:30 – 19:00

Opening met Skriflesing en gebed	-	Mev. H Smith
Verwelkoming deur die Hoof	-	Mev. H Smith
Voorstellings van die verkiesingsbeamptes	-	Mev. H Smith
Bekendmaking van nominasies ontvang	-	Verkiesingbeampte Mnr. G Claassen
Uitnodiging vir verdere nominasies	-	Tyd sal bekend gemaak word
Bekendmaking van sluiting van verdere nominasies	-	Na tyd verstreke is
Kontrole van nuwe nominasies	-	Mnr. G Claassen en verkiesingspan
Verdaag nominasievergadering	-	Mev. H Smith

Verkiesing 1 Maart 2018 direk na nominasievergadering ongeveer 19:00 indien kworum teenwoordig is

Voorstelling van alle genomineerdes in alfabetiese volgorde	-	Mnr G Claassen
Verduideliking van stemprosedure	-	Mnr G Claassen
Ruil die stembewys vir ‘n stembrief	-	Verkiesingspan
Ouers gaan na stembus en stem vir ’n maksimum van ses (6) ouerlede.	-	Ouers
Sluiting van stembus	-	Mnr G Claassen
Stemtelling	-	Verkiesingsspan
Aankondiging van verkose lede	-	Mnr G Claassen
Verdaging van SBL – verkiesing	-	Mnr G Claassen

U verantwoordelikheid as ouer:

Neem kennis van die verloop van die proses.
Identifiseer en nomineer geskikte kandidate.
NB! WOON DIE NOMINASIE EN VERKIESINGSVERGADERING BY.
Stem vir die mees geskikte kandidate om die belange van die skool en ouers te dra.

Aanmoediging vir leerders:

As ons ‘n kworum bereik kan die leerders almal 9 Maart gewone klere aantrek ongeag of hul ouers teenwoordig was met die verkiesing of nie. Ons gaan die leerders oppas en vermaak by die losie gedurende die nominasie en verkiesing. Die leerders gaan ’n “pajama” partytjie in die losie hou. Die snoepie sal oop wees. Daar sal speletjies met die leerders gespeel word, party kan fliek kyk, ander kan dans en ander kan op die springkasteel spring. Die personeel sal u kinders oppas in die tyd wat u in die saal is.

BULLETJIERUGBY

Oefening begin Maandag 12 Februarie om 18:00. Oefening is elke Maandag en Woensdag om 18:00 - 19:00.

SOKKER OEFENING:

Sokker oefening begin op 26 Februarie (Maandag). Oefening sal plaasvind op Maandae vanaf 14:15 - 15:30 en Woensdae vanaf 14:15 – 15:30.

WATER VIR DIE KAAP:

Baie dankie aan almal wat water gestuur het vir die Kaap. Ons het R4004 ingesamel om water aan te koop dus 286 x 5 liter bottels. Ons het ook ‘n klomp bottels ontvang. Ons sal alles tel en vir u laat weet hoeveel ons ingesamel het. Dankie vir elkeen se bydrae.
Ons wil graag ‘n regstelling maak dat dit Seven Pebbles is wat die water teen R14.00 per bottel aan ons beskikbaar gestel het, en ons wil hul graag bedank daarvoor.

KASKAR EN GROOT FM OP 23 MAART 2018:

Soos u seker weet beplan ons ‘n Kaskar wedren op Vrydag 23 Maart van 16:00 – 18:00.

- **Groot FM:**
- Groot FM gaan op 23 Maart by die skool uitsaai.
- Al die leerders moet reeds 07:00 op die pawiljoen sit in die klere wat hul met die kaskarwedren gaan aantrek.
- Die Graad 4-7 leerders gaan aan ‘n hindernisbaan deelneem en die Graad R – 3’s gaan boeresport hou.
- Die skool sal die Vrydag dan 11:00 uitkom en dan moet die leerders weer 16:00 terugkeer vir die Kaskar wedren.
- **Ons doel met die fondsinsameling is:**
- Om ‘n onvergeetlike ervaring vir die leerders te bied.
- Om ons Ouergemeenskap beter te leer ken.
- Om geld in te samel vir verbeterings aan die terrein.
- **Elke klas moet vir die kaskar:**
- ‘n Tema kies.
- Hul kuipe versier.
- Aantrek soos hul tema (hempies kan geborg word vir die klas).
- Die kaskar moet versier en beveilig word.
- Die kaskar om die baan stoot in die tyd wat gegee word.
- Kaskarre sal voorsien word en elke klas mag net een kaskar gebruik.
- **Elke leerder kan vir die kaskar:**
- Borge kry soos op die prentjie onder. As die leerder se Kaskar volledig ingekleur is en die geld inbetaal is, kan die leerder ‘n prys uitkies (tussen ‘n klomp pryse beskikbaar).

- **Gelukkige trekking kaartjies: (GROEN BOEKIES)**
- Ons gaan NIE dié jaar die projek met die Kaskar loods nie.
- **Die kosfees:**
- Begin die aand 18:00 tot ongeveer 22:00.
- Koskaartjies vir bykosse teen R30 sal vooraf gekoop kan word.
- Die Graad wat die meeste koskaartjies verkoop het sal 'n prys wen.
- Elke Graad moet die volgende voorsien met borge of donasies
    - Braaiers en vure vir die graad
    - Bykosse vir die graad
    - Kos stalletjie versier.
- **Borge**
- Indien u borge wil nader moet u asseblief 'n borgbrief aanvra by Lilani Pieterse juflilani@webmail.co.za Geen ouer moet sonder die brief enige borge nader.
- **Talentkompetisie**
- 'n Talentkompetisie sal die aand gehou word en 'n wenner sal aangewys word. Die inskrywing vir die talentkompetisie is R50, enige persoon in die gemeenskap en in die skool kan kom vir oudisies. Enige persoon wat wil inskryf vir die talentkompetisie kan 'n epos stuur aan juflilani@webmail.co.za. Sodra die persoon die oudisie gedoen het, sal hul in kennis gestel word wanneer hul optrede tydens die kosfees sal wees, en sal reëlings getref word dat die inskrywingsgeld betaal word.
- **Vermaak:**
- Daar sal ook 'n paar Gaskunstenaars optree vir u vermaak.
- **Koskaartjies**
- Elke klas moet probeer om vooraf 40 koskaartjies te verkoop. Die leerders in Gr 4-7 gaan in hul registerklasse deelneem.
- Die Graad moet poog om met borge die kos aan ongeveer 200 – 240 persone te voorsien. Die finale getalle sal een week voor die kosfees deurgegee word.
- Die ouers bring hul "coolbox" en stoele die middag na die fees, en kan rondom hul Graad se stalletjie sit of sommer voor die verhoog.
- Elke ouer bring hul eie vleis, eetgerei, stoele ens. Ouers kan wanneer hul honger is gaan braai en die bykosse by die graad se stalletjie gaan afhaal.
- **Stalletjies:**
- Daar sal ook speelgoed stalletjies wees. Stalletjies kan teen R500 bespreek word by juffrou Lilani Pieterse by juflilani@webmail.co.za
- **Betalings:**
- Indien u internetbetalings maak, gebruik asb die korrekte verwysing bv. Familiekode dan kosfees Gr 4 x5 of familiekode dan Koop my kaskar of Familiekode dan Gr 4 hemp borg. Ons gaan elke graad se kosfees geld in 'n aparte projekrekening stoor en daarom is dit vreeslik belangrik dat u die korrekte verwysings gebruik. Ons verkies elektroniese oorbetalings, aangesien dit baie onveilig is om kontant op die perseel te hê.

INTERNE REDENAARS KOMPETISIE- ENGELS:

Baie geluk aan die volgende leerders wat gewen het in die Interne Redenaars kompetisie:

GRAAD 2 – 5
1. Joshua de Bruto 2. Tino Chikari 3. Tshepo Makhura
GRAAD 6 – 7
1. Tinashi Chikari – Overall winner 2. Nadia Prinsloo 3. Kea Masupye

KONSERT:

Die konsert gaan in kwartaal 3 plaasvind. Elke leerder wat deelneem gaan R180 vir konsertklere moet betaal. Ons moet reeds van die klere bestel en laat maak sodat dit betyds reg kan wees. Elke leerder van Graad R-7 kan deelneem. Voltooi asb. die afskeurstrokie in en stuur so gou as moontlik terug skool toe. U is welkom om die konsertklere af te betaal. Gebruik u familiekode en konsertklere as verwysing. Indien u van 1 Maart tot 1 Junie in paaiemente betaal sal dit u R45 per maand kos. Leerders wie se ouers vir vrystelling aansoek gedoen het en ontvang het en hulp benodig met die betaling van die konsertklere kan 'n brief aan die skoolhoof skryf en versoek dat die konsertklere geborg word. Ouers wat kan, is ook welkom om 'n minder bevoorregte leerder se klere te borg. Ons sal toesig reël tydens oefeninge in kwartaal 3 vir die leerders wat nie aan die konsert wil deelneem nie. Die leerders geniet dit gewoonlik baie en kry net drie geleenthede in hul laerskoolloopbaan om daaraan deel te neem.

BROODSAKKIE-KNIPPIE-PROJEK:
Vir elke 200 broodsakkie-knippies wat ingesamel word kan 1 rolstoel aan ’n minder bevoorregte kind geskenk word. Ons wil u dus aanmoedig om nie die knippies weg te gooi nie, maar na kamer B1 te stuur.

SKAAK:
Die skaak sal Woensdag 14 Maart begin. Alle leerders van Gr R tot 7 is welkom. Daar sal elke Woensdag afrigting wees in kamer E1 van 14:00 tot 15:00. Aan die einde van Kwartaal 1 sal die spelers uitspeel om die spanne te bepaal vir die liga in kwartaal 2. (11 jaar en 13 jaar).

ATLETIEK - CLUSTER BYEENKOMS: 15 EN 16 FEBRUARIE:
Baie geluk aan dié leerders wat plekke behaal het met die Cluster byeenkoms. Die eerste en tweede plekke dring almal deur na die Gauteng byeenkoms. Ons sal die uitslae aan u bekend maak sodra ons dit ontvang het.

TENNIS UITSLAE:
Die Tennis Liga uitslae van 19 Februarie.

Span	Wen/Verloor
Oop Seuns teen Magalieskruin	Verloor
0/11 A Seuns teen Anton van Wouw	Wen
0/11 A Meisies teen Wonderboom	Wen

Baie geluk aan die spanne wat hul wedstryde gewen het.

MEDIESE VRAELYS:
Die Mediese vraelys wat asseblief voltooi en teruggestuur moet word skool toe, is op die D6 Communicator beskikbaar. Hierdie vorms word op lêer gehou en gebruik wanneer u kinders op uitstappies gaan. U sal egter weer voor ’n uitstappie toestemming moet verleen. Ons vra asseblief dat u seker sal maak dat hierdie vorm spoedig voltooi word en dringend teruggestuur word na u kind se voogonderwyser.

BELONING – VRYDAE 13:00:
Op Vrydag, 23 Februarie 2018 verdaag die Gr 1-7 leerders om 13:00, omdat die terrein netjies was. Die Graad 2’s help die week met die ekstra opruiming.

OU SKOOLDRAG SKENK:
Onthou asseblief om ou skooldrag wat nog in ‘n goeie toestand is aan die klerebank te skenk. Ons benodig veral Atletiekdrag en Vrydagdrag hempies en broekies.

ONBEKENDE DEPOSITO’S:
Die volgende elektroniese betalings ontvang, se verwysingsnommers is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2017-10-31	Onbekend – 34079	R800.00
2017-12-29	Onbekend – 34079	R800.00
2018-01-08	Onbekende Deposito	R1 000.00
2018-01-15	ENSLIN REG 2018	R800.00
2018-01-15	ENSLIN REG 2018	R800.00
2018-01-15	SHALE	R900.00
2018-01-31	IEMANN	R1 600.00
2018-02-01	Onbekende Deposito	R800.00
2018-02-08	Laerskool Dsnie Malan	R1 000.00
2018-02-15	2 Leila	R790.00
2018-02-15	Studytrust 2	R17 400.00
2018-02-16	Onbekende Deposito	R790.00
2018-02-17	Capitec M Venter	R700.00

Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik. Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode ’n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg. Indien u vir iets anders betaal behalwe skoolgeld moet u die familiekode en ’n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

LANDLOOPOEFENING:
Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis landloopoefening by Hoërskool Gerrit Maritz van 16:50 – 18:00. Skakel asb. die afrigter, Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting. Die eerste klub landloopbyeenkoms is reeds in

die tweede kwartaal en vind op Saterdae plaas. Ons sal die datums aan u deurgee sodra ons dit ontvang het.

NASKOOL:
Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

SAAMRY GELEENTHEID VIR LEERDER:
Ons is opsoek na 'n saamry geleentheid vir 'n leerder in Gr 5. Skakel asseblief 076 135 5657 of 082 854 8740 indien u sou kon help.

LOSIE UITVERHUUR:
Ons verhuur die skool se losie vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2500 per geleentheid. U is welkom om die losie te bespreek by ontvangs@daniemalan.co.za of te skakel en met Annatjie Degenaar te praat.

JUFFROU HETTIE VERJAAR:
Juffrou Hettie (Hoof) verjaar Vrydag 23 Februarie. Ons gaan op 23 Februarie gedurende aktiwiteitsperiode piekniek hou op die Rugbyveld per klas. Die leerders mag op dié bepaalde dag betaamlike gewone klere dra. Elke klasonderwyser sal die piekniek met die leerders bespreek. Die leerders kan donasies bring vir Wollies. Dit kan geld, hondekos, katkos, speelgoed ens. wees. Die leerders kan ook hul gesigte laat verf teen R10 – die wins sal aan Wollies oorbetaal word. Groete Hannie Bloem

Groete

Hettie Smith
Skoolhoof

AFSKEURSTROKIE : KONSERT

Ek ouer of voog van _____ in Graad ____/____ neem kennis van die konsert reëlings.

Ek onderneem om die R180 vir die konsertklere te betaal voor of op 1 Julie 2018 en gee die skool toestemming om die klere solank te bestel. ☐

My kind mag aan die konsert deelneem. ☐

My kind mag nie aan die konsert deelneem nie. ☐

Onthou dat ouers wat 'n borg benodig vir die konsertklere so spoedig moontlik 'n brief aan die hoof moet skryf.

Handtekening: _____

Datum: _____



30%-50% besparing op krag. Kontak: 079 851 0299 vir verdere navrae.
SABS gesertifiseerde maatskappy.